**SOUTH AFRICAN BIATHLON ASSOCIATION**
**SUID-AFRIKAANSE TWEEKAMP VERENIGING**

18 Benade Street, STRAND, 7140, SOUTH AFRICA
Tel: 082 409 8820; e-mail: Blackie.Swart@westerncape.gov.za

## SA BIATHLON 2017 ANNUAL GENERAL MEETING: AGENDA
## *SA TWEEKAMP ALGEMENE JAARVERGADERING 2017: AGENDA*

**07/04/2017 @ 18:00** in the Pavilion Room of the Dal Josafat Athletics Stadium, Paarl /
*in die Pawiljoenlokaal van die Dal Josafat Atletiekstadion, Paarl.*

| | |
|---|---|
| 1. Opening and welcoming / *Opening en verwelkoming* | B Swart |
| 2. Attendance Register / *Presensie* | A Visser |
| 3. The scrutiny of the delegates' credentials / *Die bevestiging van die afgevaardigdes se geloofsbriewe* | A Visser |
| 4. Reading of the notice convening the AGM / *Lees van die kennisgewing wat die AJV belê* | A Visser |
| 5. Submission and adoption of the minutes of the previous AGM / *Voorlegging en bekragtiging van die notule van die vorige AJV* | A Visser |
| 6. Submission, discussion and adoption of the President's Annual Report / *Voorlegging, bespreking en aanvaarding van die President se Jaarverslag* | B Swart / L Simington |
| 7. Submission, approval and adoption of the Financial Statement / *Voorlegging, goedkeuring en aanvaarding van die Finansiële Verslag* | A Blignaut-de Waal |
| 8. Motions / *Mosies* | B Swart |
| 9. Matters for discussions / *Besprekingspunte* | B Swart |
| 10. Election of the office bearers of the Association and additional elected members of the Executive Committee for the ensuing year / *Verkiesing van die beamptes van die Vereniging en bykomstige gekose lede van die Uitvoerende Bestuur vir die daaropvolgende jaar* | B Swart |
| 11. Election of Honorary Members / *Verkiesing van Erelede* | B Swart |
| 12. Election of a Selection Committee of three (3) members / *Verkiesing van 'n Keurkomitee van drie (3) lede* | B Swart |
| 13. Appointment of Honorary Auditors for the next financial term / *Aanstelling van Ere-ouditeure vir die volgende finansiële termyn* | B Swart |
| 14. Date and Venue of the next annual championships as well as Interprovincial Meetings / *Datum en plek van die volgende jaarlikse kampioenskappe sowel as Interprovinsiale byeenkomste.* | B Swart |
| 15. Conclusion / *Afsluiting* | B Swart |

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA TWEEKAMP VERENIGING GEHOU OP VRYDAG 25 MAART 2016 OM 19:15 IN BEAMPTELOKAAL VAN DIE VRYSTAAT ATLETIEKSTADION IN BLOEMFONTEIN.**

**1. OPENING EN VERWELKOMING:**

Die President, Mnr Archie Markgraaff (AM), verwelkom almal by die 41ste AJV van die SA Tweekampvereniging in Bloemfontein en verklaar dIe vergadering oop. Hy bedank almal vir hulle ondersteuning en verklaar dat dit sy laaste vergadering as president sal wees aangesien hy nie weer verkiesbaar is nie vanweë gesondheidsredes. Hy het dit baie geniet om vir 29 jaar lank ’n bestuurslid van die SA Tweekampvereniging te wees.

**2. PRESENSIE:**

Die presensielys word aangeheg.

**3. DIE BEVESTIGING VAN DIE AFGEVAARDIGDES SE GELOOFSBRIEWE:**

Alle provinsies het hulle geloofsbriewe vooraf na die sekretaris gestuur – bevestig deur Blackie Swart (BS). Dit word bevestig dat daar volgens die presensielys 30 stemgeregtigde lede is.

**4. LEES VAN DIE KENNISGEWING WAT DIE AJV BELê:**

Die sekretaris, BS, lees die amptelike kennisgewing om die AJV te belê.

**5. VOORLEGGING EN BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV VAN DIE SA TWEEKAMP VERENIGING GEHOU OP VRYDAG 3 APRIL 2015 OM 19:30 IN ‘DIE STAL’ BY DIE JANNIE MARAIS KLUBHUIS VAN DIE STELLENBOSCH UNIVERSITEIT SPORTGRONDE, STELLENBOSCH.**

Die notule word as gelees beskou en word deur die vergadering bekragtig – voorgestel Charel Blignaut, gesekondeer Chris Jansen.

**6. VOORLEGGING, BESPREKING EN AANVAARDING VAN DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG:**

Archie Markgraaff (AM) oorhandig die Voorsitterstoel aan Dave vd Walt (DvdW) en lewer sy jaarverslag, soos wat ingebind is in die dokumente wat uitgedeel is.

DvdW vra vir bespreking van die Presidentsverslag.

Bykomend tot die verslag, word die volfende aspekte bevestig:

- Mpumalanga deel die vergadering mee dat Mosambiek en Swaziland belangstel om aan Tweekamp deel te neem.
- Provinsies wat te min oorbetaal het moet aangespreek word.

DvdW lewer ’n spesiale rede aan die uittredende voorsitter, AM, om hom te bedank vir sy enorme bydrae tot Tweekamp. Hy het 37 jaar self aktief deelgeneem aan Tweekamp, was vir 29 jaar lank die Vise-President en vir drie jaar lank die President van die SA Tweekampbestuur en dit is die sesde SA Kampioenskappe wat hy organiseer. Hy stel dit dat Archie altyd die

spreekwoordelike ‘ekstra myl’ geloop het met atlete en vriende en dat die volgende aanhaling waar is van Archie: ‘*Sport doesn’t build character – it reveals character*.’

Die verslag word aanvaar, voorgestel BS en gesekondeer Len Symington.

**7. VOORLEGGING, GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE FINANSIëLE VERSLAG:**

Die interim ouditverslag is weer kosteloos gedoen deur Questus soos verteenwoordig deur Hans Jonker. Hulle het hulle tevredenheid met die finansiële state van SA Tweekamp uitgespreek.

Ananda Blignaut-de Waal (AB) verduidelik dat die Finansiële state die posisie weergee vir ses maande soos op 31 Augustus 2015 soos besluit tydens die vorige AJV – m.a.w. dat die finansiële jaar saamval met die seisoen vanaf 1 September tot 31 Augustus die volgende jaar.

Aangesien die bestuursverslag nou slegs ses maande dek, toon dit ’n verlies. Alle provinsies het hulle registrasiegelde en interprovinsiale gelde betaal. Volgens die begroting is alles in orde. Die verlies is teweeggebring deur die reisuitgawes van AM en DvdW toe hulle provinsies besoek het. Tweekamp het nie groot winste nodig nie maar het tog geld nodig om die sport te bedryf. Provinsies moet ook ontwikkel en ondersteun word.

Aangesien daar ’n verkiesing vir ’n nuwe president vanaand sal wees, moet die tekenregte / magtiging oorgedra word na die nuwe Uitvoerende Bestuur. Daar word besluit dat die tekenregte / magtiging aan die volgende Bestuurslede oorgedra word: die President, die Vise-President en die Tesourier. Enige twee lede van die drie moet transaksies onderteken / magtig. Die name sal uit die notule van die Algemene Jaarvergadering geneem word en deurgegee word aan die Bank.

Die finansiële verslag word aanvaar: voorgestel: Machiel vd Walt en gesekondeer: Almari Visser.

**8. MOSIES:**

**Die volgende mosies word voorgestel:**

**8.1 Mosie 1. Wysiging van Tegniese Reël 4. Samestelling van spanne vir Interprovinsiale Byeenkomste – OP**

*Voorstel: Die aantal atlete per span word tot 5 verhoog. Die tuisprovinsie kan tot 6 atlete per span kies. Provinsies moet steeds spanne streng volgens meriete kies soos aanbeveel: 2000 punte vir die A-span, 1800/1900 vir die B-span en 1700 vir die C-span (Ontwikkelingspanne).*

Adriaan van Olm lê die mosie aan die vergadering voor.

Die AJV bespreek die mosie en gaan oor tot stemming. Die mosie word aanvaar.

Die volgende sal dus geld:

- Die maksimum aantal atlete per provinsie vir Interprovinsiale byeenkomste word tot 5 verhoog.
- Slegs die drie atlete met die beste punt tel vir die spankompetisie
- Die tuisprovinsie kan 'n maksimum van 6 atlete per span kies.
- Provinsies moet steeds spanne op meriete kies volgens die provinsie se diskresie en met die volgende riglyne: 2000 punte vir die A-span, 1800 vir die B-span en 1600 vir die C-span (Ontwikkelingspanne).

**8.2 Mosie 2. Besluit oor Affiliasiegelde aan SA Tweekamp – OP**

*Voorstel: Dit word volgens Klousule 5.4 van die SA Tweekamp Grondwet vereis dat elke Lid 'n kampioenskapsbyeenkoms hou. Lede wat nie interprovinsiale byeenkomste aanbied nie, moet volgens dieselfde formule vir elke atleet wat hul kampioenskapsbyeenkoms bywoon, affiliasiegelde aan SA Tweekamp oorbetaal.*

Adriaan van Olm trek die mosie terug.

**8.3 Mosie 3. SA Registrasie van alle Tweekampatlete - SWD**

*Voorstel: Dat SA Tweekamp volle beheer oorneem van die toekenning van SA nommers vir atlete in alle provinsies en dat provinsies aansoek doen by SA Tweekamp vir die registrasie van hul atlete deur aan die begin van die seisoen alle atlete wat by hulle affilieer, by SA Tweekamp registreer deur die betrokke registrasiegeld per atleet oor te betaal aan die tesourier en die dan hul SA Nommers toeken. Hierdie atleet word dus geregistreer om vir daardie provinsie deel te neem. Atlete wat later aansluit/registreer word, gaan dan dieselfde proses deur.*

DvdW motiveer die mosie. Daar moet gekyk word na die aktiewe deelname van atlete en bepaal word hoe sterk tweekamp is. 'n Databasis van aktiewe atlete moet op nasionale vlak opgestel word. Aktiewe atlete moet gedefinieer word. Dave sal die administrasie van die proses verreken en die instelling daarvan sal dan bespreek word.

Die mosie word aanvaar.

**8.4 Mosie 4. Deelname van SA wenners in SA Kleure - SWD**

*Voorstel: Dat die wenners in elke ouderdomsgroep by die SA Kampioenskappe SA Klere ontvang en in 'n span opgeneem word om aan een of twee interprovinsiale byeenkomste as span deel te neem. Indien so 'n atleet se provinsie ook by die interprovinsiaal deelneem, tel sy/haar punt ook vir die betrokke provinsie.*

DvdW dra die mosie voor en verduidelik dat die klere sentraal gemaak kan word maar dat atlete sal self daarvoor moet betaal.

Die mosie word tot stemming gebring en die meerderheid besluit teen die mosie.

### 8.5 Mosie 5. Herberekening van SA Tweekamppunte - WP

*Voorstel: 5.1 - Dat die tye vir 1 000 punte soos volg aangepas word – m.a.w alle wenners by SA's sal gemiddeld 1150 punte vir hardloop kry en 1150 punte vir swem in total 2300 punte.*

*Voorstel: 5.2 - Dat die bonuspunte vir Junior Veterane verander word na 8 punte per jaar in plaas van die huidige 15, en vir Meesters na 30 punte per jaar in plaas van die huidige 15 punte.*

*Voorstel: 5.3 - Dat alle 50 m-swempunte aangepas word na 16 punte per sekonde (indien aanvaar word sal swemtye van o/9 en o/11 seun 0:44 wees en meisies 0:45).*

Johan Ferreira dra die mosies namens WP voor. Hy noem dat hardlooop en swem gelyke status moet hê en dat dit in die verwerking aangespreek is. Hy het die byeenkomsdata van die afgelope 11 jaar gebruik. 'Uitskieter'-tye is uitgehaal.daar is gepoog om dit nie moeiliker en ook nie makliker te maak nie, maar slegs om almal gelyk te stel. Daar word gevra dat daar nie slegs na wenners gekyk word nie, maar ook na die ander, gewone atlete. Indien daar veranderings aan die tye is, moet die rekords verwerk word.

Die vergadering stel voor dat die saak na 'n Tegniese komitee verwys word wat dit ondersoek en bespreek en met voorstelle kom wat na die Bestuur verwys word vir bespreking by die Bosberaad. Dit kan dan na die provinsies gestuur word vir hulle eie bespreking en moontlike aanvaarding. Die volgende lede word voorgestel om op die Tegniese Komitee te dien: Johan Ferreira, Ben Fourie en Wynand Viljoen.

Die vergadering aanvaar dat die mosie oorstaan tot die verslag van die Tegniese Komitee ontvang word, waarna dit na die provinsies gestuur kan word om te stem voor die volgende AJV (kan elektronies gedoen word).

### 8.6 Mosie 6. Deelname van onder 9-atlete aan SA Kampioenskappe - WP

Johan Ferreira dra die mosie namens WP voor. Die mosie word aanvaar. Die rekenaarprogram sal dienooreenkomstig aangepas word.

**8.7 Mosie 7. Deelname van onder 8-atlete aan Interprovinsiale Byeenkomste - WP**

Johan Ferreira dra die mosie namens WP voor. Die mosie word aanvaar. Daar sal spesiale reelings vir die swemmers gemaak moet word om 25m te swem..

**8.8 Mosie 8. Voorgestelde Skolekompetisie**
Die skolekompetisie word in beginsel aanvaar. Daar word gevoel dat dit 'n kans gegee moet word om getoets te word. GL sal die inligting bevestig en dit sal aan die provinsies uitgestuur word. GL word bedank vir sy insette en inisiatief.

## 9 BESPREKINGS

**9.1 Ontwikkelingsverslag**
Dave vd Walt verwys na die Ontwikkelingsverslag soos wat ingebind is in die vergaderingstukke.

## 10. VERKIESING VAN DIE BEAMPTES VAN DIE VERENIGING EN BYKOMSTIG GEKOSE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR:

Daar is twee nominasie ontvang vir die pos van President. Blackie Swart word verkies as President. Dave van der Walt versoek om sy nominasie as Vise-President te onttrek en die voorsteller en sekondant stem in. Len Symington is dus onbestrede verkies as Vise-President. Daar bly slegs drie nominasies oor as Addisionele lede en aldrie word dus as verkose beskou. Die Uitvoerende Bestuur van die SA Tweekampvereniging verkies vir die volgende seisoen is dus soos volg:

| | |
|---|---|
| President: | Blackie Swart |
| Vise-President: | Len Symington |
| Sekretaris: | Almari Visser |
| Tesourier: | Ananda Blignaut-de Waal |
| Addisionele lede: | Johan van de Venter |
| | Gerhard Louwrens |
| | Deon Human |

## 11. VERKIESING VAN ERELEDE:

Ere-President: Archie Markgraaff
Let daarop dat die Ere-President 'n lewenslange posisie is en dus nie jaarliks verkies word nie. Chris Jansen is dus ook nog 'n Ere-President.

**12. VERKIESING VAN ‘N KEURKOMITEE VAN 3 LEDE:**

Na die stemming word die volgende Keurkomitee bevestig:

Keurkomitee: Len Symington
Dave van der Walt
Gerhard Lourens

**13. AANSTELLING VAN ERE-OUDITEURE VIR DIE VOLGENDE FINANSIëLE TERMYN:**

Questus Ingelyf, soos verteenwoordig deur Hans Jonker, word voorgestel as ouditeure. Voorgestel: Wynand Viljoen, gesekondeer DvdW. Algemeen aanvaar.

**14. AANSOEKE ONTVANG: DATUM EN PLEK VAN DIE VOLGENDE JAARLIKSE KAMPIOENSKAPPE SOWEL AS INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE:**

Die SA Kampioenskappe word in 2017 deur die Boland in die Paarl aangebied.

Die SA Kampioenskappe vir 2018 is aan Gauteng-Noord toegeken.

Die res van die seisoen se bepalings is soos volg: (sien onder aangeheg)

15. **AFSLUITING:**

Die President bedank almal vir hulle teenwoordigheid en sê da thy saam met die Suid-Vrystaatse SAs Reëlingskomitee uitsien na ‘n baie geslaagde SA Kampioenskappe. Hy wens almal ‘n voorspoedige kompetisie en naweek toe.

Die vergadering verdaag.

| | |
|---|---|
| ………………………………………………. | ……………………………………… |
| **PRESIDENT** | **SEKRETARIS** |
| ………………………………………………. | ……………………………………… |
| **DATUM** | **DATUM** |

## BIATHLON Annual Programme for 2016, 2017, 2018:

**Inter Provincial Meetings and SA Championships** (as on 01.03.2016)

| DATE of EVENT | CODE | VENUE | HOST PROVINCE | CONTACT |
|---|---|---|---|---|
| 1 October 2016 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | A Markgraaff |
| 22? October 2016 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | A van Olm |
| 22? October 2016 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | J vd Venter |
| 5? November 2016 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | T vd Westhuizen |
| 12 November 2016 | Biathlon | Kimberley | NW-Kaap / Griekwas | B Nieuwoudt / R v W |
| ? January 2017 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | Jan Engelbrecht |
| 4 February 2017 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | D vd Walt |
| ? February 2017 | Biathlon | WITS Education Campus | Central Gauteng | W Viljoen |
| **8 April 2017** | **Biathlon** | Boland - Paarl | **SA Championships** | L Symington |
| ? October 2017 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | A Markgraaff |
| ? October 2017 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | A van Olm |
| ? October 2017 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | J vd Venter |
| ? November 2017 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | T vd Westhuizen |
| ? November 2017 | Biathlon | Kimberley | Griekwas | R von Waltzleben |
| ? January 2018 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | Jan Engelbrecht |
| ? February 20168 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | G Lourens |
| ? February 2018 | Biathlon | WITS Education Campus | Central Gauteng | W Viljoen |
| **? 2018** | **Biathlon** | Gauteng Noord | **SA Championships** | J vd Venter |

**( ? = date not confirmed – The host province must please confirm the final date)**

**(Please note that the dates will be confirmed after the possibility of the "Schools Competition' has been finalised.)**